Die Fees van Maria, Koningin van die Apostels

Tradisioneel word dié fees gevier op die Saterdag ná Hemelvaart. 'Koningin van die Apostels' is een van die titels waarmee Maria in die Litanie van Loreto vereer word en is gegrond in die Heilige Skrif en die Katolieke Tradisie. Sy was die moederfiguur onder Jesus se Apostels en deur haar voorbeeld, raad en bystand het hulle baie geleer. Sy was saam met hulle in die bovertrek waar die Heilige Gees op hulle neergedaal het, dieselfde Heilige Gees wat sy reeds by die Aankondiging van die Engel ontvang het. St. Vincent Pallotti het die Unie van die Katolieke Apostolaat en die gemeenskappe van priesters, broeders en susters wat hy gestig het onder die beskerming geplaas van Maria, Koningin van die Apostels.

© Die Oratorium Uitgewery